WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

SATERDAG 7 JANUARIE – **MATT 6:16 – 7:6**

BESITTINGS

Besittings (16–34).

Ons het middele (besittings en allerhande lewensmiddele) nodig om te kan lewe (vers 32), en God voorsien hierdie middele aan ons (vers 33);

Die verkryging daarvan moet egter nooit die hoofdoel van ons lewens raak nie. Jy leef vir ***dinge*** wanneer dit jou hart vasvang, wanneer dit al is waaroor jy kan dink en waarna jy strewe (vv. 19–21), wanneer dit jou gedagtes verdeel en jou fokus van die Here afhaal (vv. 22–23) en jou hele lewensloop wil beheer (vers 24);

En die gevolg hiervan is *bekommernis*.

Die oplossing is om God eerste te stel en met die ewigheid se waardes in die oog te begin leef.

SKATTE IN DIE HEMEL

Ons maak skatte in die hemel bymekaar as deeglik besef dat alles wat ons besit eintlik aan God behoort en dat ons dit kan gebruik om sy geregtigheid te verhef (to magnify His righteousness) en sy koninkryk te bevorder (Matt. 6:33). Dit beteken veel meer as om net offers aan God te gee, al is dit belangrik. Dit beteken totale rentmeesterskap van alles wat die Here aan my toevertrou in hierdie lewe met die een uitstaande begeerte om te verheerlik. Dit is die geheim van 'n lewe wat met die Here verenig is (Matt. 6:24) en wat vry van bekommernis is.

EK GAAN SOMMER VANOGGEND KOMMENTAAR INVOEG VIR DIE HELE MATTEUS 7 EN DAN SAL DAAR NIE MORE OGGEND KOMMENTAAR WEES NIE

MATTEUS 7

Regters (1–12). Een van die maklikste maniere om ons sondes te bedek, is om ander te oordeel. Dit is nie verkeerd om onderskeidingsvermoë te beoefen nie (v. 6), maar ons moet by onsself begin. Dikwels is ons skuldig aan die sondes wat ons dink ons in ander sien (Rom. 2:1–3). Ons het gebed en liefde nodig as

ons suksesvolle “oogoperasies” op ons broers en susters wil doen. Ons moet hulle behandel soos ons wil hê hulle moet ons behandel.

Pelgrims (13–14). Die poort na die werklike lewe is smal, en die pad is moeilik, so moenie probeer om baie oortollige bagasie te dra nie. Dwaalleraars maak die pad maklik en gewild; as jy Jesus waarlik volg, betaal jy 'n prys en word die pad soms eensaam.

Bome (15–20). Lewe lewer vrug op en ***goeie bome*** dra ***goeie vrugte***. Daar was 'n groot mate van godsdienstigheid (uiterlike belydenis) in die lewe van die skrifgeleerdes en Fariseërs, maar geen bewys van geestelike vrug nie.

Bouers (21–29). Om "op die rots te bou" beteken om die Woord van God te gehoorsaam. Om te praat is nie genoeg nie; daar moet gedoen word (Jakobus 1:22–25). As jy sê dat jy 'n dissipel van Jesus Christus is, verwag dat jou belydenis daarvan in hierdie lewe en die lewe hierna deur God getoets gaan word. Mooiweergeloof sal nie die toets slaag nie.

EK SAL DV MAANDAGOGGEND NOTAS OOR MATTEUS 8 & 9 SAAM DEURSTUUR